







NUUSBRIEF

Geagte Ouers/Voogde

Welkom terug na 'n baie besige 2020! Ons is seker dit gaan 'n wonderlike jaar wees; ons gaan sommer baie leer.

Meeste leerders het baie uitgesien om hulle nuwe vriende en onderwysers te sien en is baie opgewonde oor die nuwe skooljaar. Aan die mamas en pappas van die kleintjies wat nog huil... dit word wel beter. Aan die wat nie meer huil nie, hulle word nou groot. Ons het 'n oop-deur beleid by Curro Castle, wees gerus dat julle met vrymoedigheid met onderwysers en bestuur kan gesels.





Op Vrydag 24 Januarie het ons, ons bymekaar-kom piekniek gehad. Dit was 'n wonderlike geleentheid vir die ouers, onderwysers en kinders om mekaar beter te leer ken. Die aand het heerlik uitgedraai en die weer het saam gespeel, wat 'n perfekte manier om die naweek te begin!

Op Vrydag, 31 Januarie het ons groot pret gehad, toe ons soos ons gunsteling superhelde aangetrek het, daarna het ons poppekas gehou. Gedurende die week het ons die tema bepreek oor mense in ons gemeenskap wat ons bystaan, soos dokters en die brandweer. Hulle is ons gemeenskaps-superhelde en ons is baie dankbaar vir die wonderlike werk wat hulle doen.



Ons bly in 'n land waar beurtkrag 'n realiteit is, maar ons wil u gerusstel dat besigheid soos normaal by Castle sal voortgaan. Ons sal u in kennis stel as daar beurtkrag by die skool is. Indien daar wel beurtkrag is, skakel ons asb. op die noodnommer: 061 465 3027 aangesien ons kantoor-telefoonlyn deur kragonderbreukings beïnvloed word. Hou asb. ingedagte dat sommige van die selfoon diensverskaffers ook af is tydens beurtkrag.

Ons wil u ook vroegtydig in kennis stel dat die skool op 28,29,30 April 2020 toe sal wees. Daar sal 'n vakansieprogram aangebied word wat deur alle leerders, beide halfdag en veldag, bygewoon kan word. Daar is geen ekstra koste aan verbode nie.

Besoek gerus ons "Facebook" blad; daar word gereeld oulike foto's van die leerders en skoolaktiwiteite geplaas: <https://web.facebook.com/CurroCastleKrugersdorp/>. Aangeheg is ook meer inligting oor Curro se MyHub-toepassings.

"Baby Moses House" in Roodepoort wil almal graag bedank vir jul donasies verlede jaar met die skryfbehoeftes, klere, kosblikke en waterbottels wat deur hul 116 kinders gebruik sal word. Jul bystand maak dit soveel makliker om vir die kinders te sorg.



Alle buitemuurse aktiwiteite is nou goed op dreef terwyl die Groep 5 rekenaarklasse ook hierdie week begin het. Die gebeure vir die res van die termyn is as volg:

3 Februarie	Tema: Onder op die plaas
10 Februarie	Tema: Gesonde en ongesonde kos
14 Februarie	Valentynsdag
17 Februarie	Tema: Koeriers/briewe/pospakkies
18 Februarie	Groep 4 Oogtoetse
19 Februarie	Groep 4 Oogtoetse
20 Februarie	Groep 5 Oogtoetse
21 Februarie	CANSA Dag
24 Februarie	Tema: Fabrieke, Groep 5 gehoortoetse
28 Februarie	Skrikkeljaardag
2 Maart	Tema: 'n Spesiale familie
6 Maart	Ouma-en-oupadag: Piekniek
9 Maart	Tema: Bye en heuning
16 Maart	Tema: Gaan groen
20 Maart	Skool sluit
21 Maart	Publieke vakansiedag: Menseregtedag
23 Maart	Vakansieprogram: Ruimte
31 Maart	Skool heropen, Tema: Water en veiligheid

Curro-groete

Curro Castle Krugersdorp

T 011 954 1516 / 087 287 9446

Info.castlekrugersdorp@curroholdings.co.za

<https://web.facebook.com/CurroCastleKrugersdorp/>

